DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XIII. VRYDAG, 7 MAART 1958. No. 1

# Week van suksesvolle inlywing agter die rug.

## PUKKE YWERIG „BESIG"

VIR alle buitestaanders moes dit verlede week duidelik gewees het dat daar „dinge" aan die gang was op die Puk. Die P.U. het naamlik in die teken van inlywing gestaan. Oral was die verrigtinge in volle swang.

### DIE ARRIVERING:

Vroeg-vroeg het hier al 'n klompie wesens hulle verskyning gemaak, wat op daardie tydstip nog nie as een of ander menslike soort gekarakteriseer kan word nie. Party het daar vaal uitgesien (tipies matriek), party het 'n voorkoms van bleek maanskyn gehad, maar die meeste het vol selfvertroue en met breë glimlagte die gronde betree. Party was selfs „dapper": een manseerstejaar het selfs sover gegaan om, voordat hier nog enigiets aan die gang was op die eerste dag, 'n waardige ouheer op pad terug van die dorp verneder. Hy het met sy fiets tot langs hom gery en hom op die rug geklop met die volgende woorde: „Jislaaik, ou pal, dis darem lekker hier op die Puk as die ou here nog nie hier is nie!" Nog een het die vermetelheid gehad om by sy intrap hom só aan 'n Dawie Doeper voor te stel: „Ek is so-en-so, jy's seker 'n senior-student, nê?" Om klaarblyklike redes kan die reaksie op die egte matriekonnoselheid nie hier gegee word nie.

So het hulle dan hier gearriveer — die drake vol matriekkomplekse en selfvertroue, en die doortjies netjies gegrimeer en uitgevat asof hulle reeds sesdejaar Universiteitsdametjies was. Maar iemand wat hulle laat die Vrydagaand of Saterdagaand gesien het, sou hulle waarskynlik nie erken het nie. Die meeste het gelyk of hulle enige oomblik 'n mosie van wantroue in die Puk by Ma en Pa gaan indien. Aan die ander kant het daar darem 'n paar oorgebly wat gelyk het of hulle lewendig die einde van die jaar sal haal as die proffies genadig is.

### DIE BEGIN:

Met die arrivering van die ouer garde het die inlywing amptelik begin om die onbekendes te laat tuis voel op 'n plek waar hulle op daardie stadium nie gehoort het nie. Toe het die eerstejaars uitgevind dat hulle vir meer as bloot eet, slaap en met glimlagte rondloop, hier is. Handtekeninge is ingesamel, ou-dames en ou-here moes vermaak word en gou is uitgevind dat dit nie so maklik gaan om so 'n klomp gelyktydig-hard-skreeuende ou-here te leer ken by die uitkenningsparades nie.

So was daar elke dag genoeg om die ou-dames en ou-here van die vermufte vente van die boeke en biblioteke weg te hou.

### SKYNONTHEFFING EN HOOGTEPUNT:

Vanjaar is iets oorspronklik tot die inlywing bygeroep, naamlik 'n skynontheffing wat een en almal van die eerstejaars besonder geniet het, want dis nie elke dag dat 'n groen eerstejaar die voorreg gegee word om saam met die Studenteraad 'n dinge te kon hou nie en dan nog op so 'n beroemde terrein nie. Snel op hierdie aangename verposing op hoëhakskoene het „Tarentaal" gevolg, wat die eerstejaarmans tot hulle eie skade nog meer geniet het.

Hulle het gereken dat dit nou eers die geleentheid was om met breë matriekglimlagte die mooi Puk-gronde en atmosfeer te ontsier. Vrydagaand is hulle vir oulaas „vriendelik" tereggewys dat 'n mens mekaar groet op die Puk! Daar was naamlik die drie ou bekende aksies en die eerstejaars het anderkant uitgekom . . . sonder hulle glimlagte.

Die hele inlywing het in 'n goeie gees plaasgevind. Aan 'n paar van die ouer studente wat al baie jare harde bene op die Puk gekou het is gevra wat hulle van vanjaar se ontgroening dink. Daaruit blyk dat inlywing prosesse met verloop van jare heelwat in felheid afgeneem het en ligter geword het. Vroeër is die eerstejaars baie later snags wakker gehou, is meer hardhandig met hulle opgetree en het die inlywing ook langer geduur.

Wat die bydrae van die ouer studente vanjaar betref, het 'n klompie die rigting van ons tydsgees van vandag ingeslaan, waar alles ligter en makliker gemaak word. Sommiges het dit prettiger gevind om toe te kyk as om self deel te neem en wou nie stof op hulle baadjies en water ($H_2O$) op hulle tone laat kom by die „Rooi Duiwel" en „Pomp" onderskeidelik nie.

Mnr. Dirk Postma en sy studenteraad moet egter gelukgewens word met die wyse waarop hulle die inlywing beheer en v'ot van stapel gestuur het, van voordat die ander studente nog hier opgedaag het tot aan die einde toe. As die inlywing kan bly soos hy vanjaar op die P.U. was, sal daar nooit gevaar bestaan dat hy hier soos op ander Universiteite afgeskaf hoef te word nie.

JOHAN KRUGER.

# Komende A.S.B.-Kongres

Die groot studenteparlement van die jaar, die A.S.B.-kongres, word van 7-11 April aan die P.U. vir C.H.O. gehou. 'n Tikkie andersheid word verseker deurdat die A.S.B. sy tienjarige bestaan herdenk en deur die teenwoordigheid van Frikkie Kraamwinkel (van Studentevaria-faam) met bandopnamemasjien en al.

Die kongrestema sal wees: „Die Student van Suid-Afrika", die kern van die openingstoespraak deur Prof. dr. S. Pauw, Rektor van die Universiteit van Suid-Afrika. Die PUK se bydrae sal wees: „Die Taak van die Universiteit ten opsigte van Wetenskapsbeoefening in diens van die samelewing." Daarbenewens word groot belangstelling vir die Fakulteitskonferensies aan die dag gelê en stywe kompetisie met die kunsfees verwag.



'N WEEK IN BEELD.

**INGRAM**
**SE BOTTELSTOOR**
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
● SPIRITUALIEE
en
● WYNSOORTE

# G. H. Juweliers
**Kerkstraat 129**
★
DESKUNDIGE HERSTELWERK
HORLOSIEMAKER en JUWELIER

**Dames!**
Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT teen baie Redelike Pryse!
▭ OOK ALLE TOILETWARE.
Kom besigtig ons nuwe
▭ WINTERVOORRAAD.
**CACHET MODES (EDMS.) BPK.**
**Tomstraat 92 - - POTCHEFSTROOM - - Telefoon 1389**

KOM KYK BY . . . .
**J. HEIDEMA**
**FOON 364 - - - - - - - - - - KERKSTR. 48,**
**POTCHEFSTROOM**
☐ FIETSE,
☐ BROMFIETSE,
☐ MOTORFIETSE,
☐ TIKMASJIENE, ENS.

**J. P. van der WALT**
**APTEEK**
**Kerkstr 161 - - - Potchefstroom**
●
„ONDERSTEUN
'N OUD-P.U.-KANER!"
Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

DAMES en HERE!
Besoek . . . . . .
**„DIE BULT HAARKAPPERS"**
VIR 'N NETJIESE
HAARSNY
**Tomstr 86A - - - - Foon 1486**
(Eienaar — G. Schoonhoven)

*Die Wapad*
**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**
Vrydag, 7 Maart 1958.

**REDAKSIE EN ADMINISTRASIE.**
HOOFREDAKTEUR - - - - - - - - - - - Andries Myburg.
ONDER-HOOFREDAKTEUR - - - - - - - - - Johan Coetsee.
NUUS - - - - - - - - - - - - - - - - - Jan v. d. Schyff.
INTER-UNIVERSITÊRE-AANGELEENTHEDE - - Chris Coetzee
KUNS - - - - - - - - - - - - - - - - - Riekie Dekker.
SPORT - - - - - - - - - - - - - - - - De Wet Krüger.
VARIA - - - - - - - - - - - - - - - - - - Susan Roets.
TEGNIESE-ADVISEUR - - - - - - - - - - - Dries Yssel.
FOTOGRAAF - - - - - - - - - - - - - Hannes v. d. Walt.
PENNINGMEESTER - - - - - - - - - - - - Hans van Zyl.
ADVERTENSIEBESTUURDER - - - - - - - - Eike Howaldt.
SIRKULASIEBESTUURDER - - - - - - - - - - Leon Swart.

# Op die ou paaie.

MET die begin van die nuwe akademiese jaar het menige student teruggekeer na die ou paaie. Saam wil ons almal mekaar toeroep: „Welkom terug, en mag die jaar aangenaam en suksesvol wees.

Ja Pukke, ons is voorwaar terug op die ou paaie. Die twee weke wat verby is het dit reeds bewys. Getrou aan die tradisie het ons weer eens probeer om die eerstejaars hier tuis te laat voel. Weer eens het ons alles in ons vermoë gedoen om van hulle ware Pukke te maak. Het ons daarin geslaag? Laat ons dit maar aan die gewete van elke eerstejaar oorlaat . . . 'n Mens kan 'n perd wel by die water bring, maar of hy gaan drink is sy eie saak.

Maar in 'n oomblik van besinning vra ons aan u: Is die ou paaie nog vir u mooi? Is die tradisie van u Alma Mater nog iets wat u graag wil nastreef? Laat elkeen die vraag aan homself beantwoord, en indien u nog die mooie daarin sien, vra dan aan uself: Het ek al my kragte ingewerp om van hierdie inlywingsaksie 'n sukses te maak? Was my optrede altyd eerbaar soos dit 'n ware Puk betaam? En nou, voel ons nog lus na die klein selfondersoek om te sê: Die inlywing was 'n mislukking en het nie aan sy doel beantwoord nie?

Nee Pukke, laat ons liewers ons dank aan die studenteraad uitspreek vir die mooi en deeglike manier waarop hulle die inlywingsaksie gereël het. Maar die jaar lê nog voor, en die ou paaie nooi u uit om hulle te bewandel. Aan u geagte studenteraad is die leiding toevertrou hierdie jaar, en ons het vertroue in u. Wys u die pad aan en ons sal by u staan in die uitvoering van alles.

Ook u geagte eerstejaars, wees dankbaar vir die voorreg om op so 'n manier ingelyf te word in die studentelewe. Al sal u dit miskien nooit met die mond sê nie, laat u harte getuig dat u die inlywing goedkeur en dat u nou werklik STUDENT voel. As dit u gesindheid is, dan wil ons sê: Hartlik welkom in ons midde. Mag u baie gou een met ons voel, en mag u eerstejaarskap vir u 'n eer en 'n trots wees. Alleen hulle wat eers geleer het om te dien, is later in staat om te beveel.

Oop en breed lê die ou paaie van die tradisie voor ons . . . Maar laat ons die tradisie in die lig van ons beginsels sien. Die tradisie is ook nie onfeilbaar nie en waar dit gefaal het, laat ons banier dan wees: „In U Lig sien ons die lig."

(HOOFREDAKTEUR)

## Oordenking

# WARE BLYDSKAP

**Fil. 4:4: „Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle."**

VAN die gelowiges word allesbehalwe verwag om met 'n suur gesig deur die lewe te gaan.

Trouens, die evangelie van Jesus Christus hou 'n allesoortreffende blydskap in. Evangelie beteken juis: Blye tyding.

Die vraag is dan nie **of** ons ons moet verbly nie, want dit staan vas. Die vraag is **hoe** en **waarin** ons ons verbly; Die **aard**, die **bron** en die **einde** van ons blydskap.

Daar kan 'n valse blydskap ook in die lewe wees. Dit is die aardsverankerde blydskap — 'n Tragiese soort blydskap: die een oomblik 'n lag, die volgende 'n traan, die een oomblik 'n gejubel en die volgende geklaag.

Die bron van hierdie blydskap kan ook so aardsverankerd wees: Ons kan tog so volkome opgaan in ons gelukkige familielewe, die skat van ons lewensideale, ons geslaagde liefdesverhouding, ons stoflike welvaart. Op sigself miskien nie verkeerd nie. Maar dit kan nie die begin en einde van ons blydskap wees nie.

Dit is deel van verganklikheid. Dit kan so vinnig verbygaan; so dikwels moet dit nog kunsmatig aan die gang gehou word deur uitspattigheid: fuifpartye, danspartye en die gejaag van een geselligheid na die ander. Dit tintel weliswaar ook aansteeklik, maar baar ook weer sorge en hoofpyn.

Paulus se brief aan Fillippense deurstraal 'n ander blydskap: DIE WARE BLYDSKAP — Die allesoortreffende BLYDSKAP IN DIE HERE.

Hierdie blydskap demonstreer hy ryklik met sy eie lewe. Vir hom is blydskap nie geknoop aan voorspoed in hierdie lewe nie. Inteendeel, sy lewensomstandighede is, na die mens, heel neerdrukkend.

En tog deurtintel blydskap hierdie brief wat hy in die gevangenis geskryf het. Al wat hy vanmore kan verwag is verdrukking, slae, vervolging. Dit ten spyte kan ons nog hierdie brief Paulus se blydskapsbrief by uitstek noem.

Paulus is lewensbly. Die aard van sy blydskap; Dit bly steeds die Here. Dit is in die hemele verankerd. Dit gaan ver bo hierdie lewe met sy wisseling van kommer en sorge uit. Dit is onlosmaaklik verbind aan die soenverdienste van Jesus Christus. Dit is blydskap in die lewe, die EWIGE LEWE. By uitstek is dit die vertroostende werking van die Heilige Gees in Paulus se lewe, ook in ons eie lewe.

In hierdie lewe wissel en vergaan alles. Jesus Christus bly dieselfde in der ewigheid. En daarin nestel die ware gelowige blydskap. Die einde daarvan is gods eer en heerlikheid.

Paulus roep ons op om ons te verbly — ons omgewing te versier en te deursuur met die blydskap van ons jong lewens!

Maar dit moet gekenterd wees. **Die blydskap in die Here** ken geen uitspattigheid nie — alleen kalmte en rus. Dit is geen afstuwende emosionele vreugde van die oomblik nie. Dit is bestendige lewensblyheid. Dit is ALTYD onder alle lewensomstandighede. Dit is vir die vreugde van die jong lewe en die krankheid van die ouderdom. Dit is uit die Here, in die Here en tot die Here.

Verbly u, inderwaarheid! Daar is geen rede tot bestandige droefheid nie. Maar laat dit waarlik, opreg, altyd in die Here wees. Dan sal u blydskap 'n sieraad wees tot eer van God Drieenig. Ook in die geringste — ook in die klein dingetjies — sal u dan vreugde vind, en deurtintel wees met blydskap.

„Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!" skryf Paulus ook aan ons. Dit is ware lewensblyheid. AMEN.

H. J. v. d. WALT.

# P.U. open met groter Studentetal

## GROOT VOORUITSIGTE VANJAAR

OP VRYDAGAAND 21 FEBRUARIE het die amptelike opening van die P.U. in die Studentesaal voor 'n groot geesdriftige gehoor van eerstejaars plaasgevind. Andersins was die opkoms van die studente baie swak. Die verrigtinge is geopen deur gepaste skriflesing en gebed deur Dr. S. C. W. Duvenage. Daarna het die Rektor op die been gekom en heel gou het dit geblyk dat daar vanjaar sommer baie op die Puk gedoen gaan word. Professor Coetzee het die nuwe aanstellings bekend gemaak en ook melding gemaak van die groot bouprogram van die P.U. vir 1958. Dit het ook geblyk dat die P.U. steeds uitbrei wat studentetal betref; vanjaar is 'n groter aantal eerstejaars ingeskryf as ooit tevore. Dit kon 'n mens te wagte wees aangesien die P.U. 'n jong daadkragtige Universiteit is, waar groei en uitbreiding noodwendig is.

Daar kan na o.a. die volgende uitgesien word, wat die P.U. se bouprogram vir vanjaar betref: dit sal sommer woelig daaraan toegaan. Die Plantkundelaboratorium en die Plantfisiologiese Navorsingsinstituut, wat teen 'n koste van £75,000 opgerig word, sal na verwagting teen die einde van die eerste semester voltooi wees. Die uitbreiding aan Klawerhof, wat, wat £10,000 bedra en hopelik teen die einde van Maart gereed sal wees, sal huisvesting aan nog 54 dames bied. Ook word eersdaags 'n begin gemaak met die uitbreiding aan Dawie du Plessishuis teen 'n koste van £43,000. Hierdeur word huisvesting verleen aan nog 75 mans in daardie koshuis.

Op die terrein van die Oude Molen word vanjaar die splinternuwe moderne Musiekkonserwatorium gebou teen 'n koste van £75,000. Benewens verskillende ander fasiliteite sal die gebou 'n moderne konsertsaal hê, wat na verneem word, een van die beste toegeruste in die hele land sal wees. Dit is 'n verblydende berig aangesien die musiekvereniging, wat altyd aktief is, al lankal behoefte aan 'n plek vir goeie opvoerings gehad het. Nadat al die geboue voltooi is, sal die P.U. se geboue vir geen ander Universiteit in die land s'n terug hoef te staan nie.

Na prof. Coetzee se toespraak het prof. Du Plessis Dr. Deppe voorgestel vir 'n ere-professoraat in die Sielkunde en na dr. Deppe se rede is die verrigtinge afgesluit met gebed. Die P.U. was amptelik geopen en daarmee ook 'n jaar ingelui van volop werksaamhede.

JOHAN KRUGER.




## VAN DIE REDAKSIE —

Von Wiellighstraat 39,
Potchefstroom.
3 Maart 1958.

Geagte Pukke,

Welkom tuis!

Ons het seker nie nodig om u bekend te stel aan „Die Wapad" nie. Baie jare al dien hierdie blad die studentegemeenskap, en ook hierdie jaar is die hoofdoel van die redaksie: diens aan al ons studente en aan ons Alma Mater.

Geensins wil ek hier idealistiese toekomsdrome vir die jaar wat voorlê uiteen sit nie. Ons beoog geen radikale veranderings nie. Tog gaan ons veranderings aanbring as u dit verkies, want dit is u blad.

Ja Pukkies, dit is u blad . . . en die redaksie probeer alleen om u tevredenheid te gee. Tog bly dit u wat van hierdie blad 'n sukses of 'n mislukking maak. Daarom vra ons dan ook nou u heelhartige samewerking. En u kan voorwaar op alle gebiede saamwerk. In die eerste plek: Teken asseblief een en almal in op „Die Wapad". Is dit te veel gevra as ons u vra om op u eie blad in te teken en dit te lees? Oordeel self!

Die redaksie verwelkom opbouende kritiek. Dit is deur middel hiervan dat ons die gbreke van die blad kan raaksien en instaat gestel word om indien moontlik u wense betreffende die blad te verwesenlik.

Gee ons u volle samewerking en ons sal alleen ons beste diens aan u gee.

Studeer lekker en mag die amoreuse aangename afwisseling bied.

ANDRIES MYBURG.
(Hoofred.)

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS!**

# *Exit Cassawali.*

GEAGTE PUKKE, dis met leedwese dat ons die verdwyning van 'n beminde, berugte figuur (30-46-30) aankondig. Daar ons verlede jaar gewoond geraak het daaraan dat sy spasmodiese stilswyes slegs aan 'n tydelike asemtekort, teepouses of 'n winter-„snoozie' te wyte is, het ons verlede week in spanning gewag op sy terugkeer . . . tevergeefs egter, soos die brief hieronder u sal toon.

1 Maart 1958.

Geagte mister Redakteur,

Ek weet nie of die Pukke mei sal ken nie, mar ek is Job Koekemoer, Sattelietie se wederhelfte. Eintlik moet sy skreif, want my Sattelietie was Cassawalli se suster gewies en sy't beloof om die rubriek oor te neem. Mar sy sê sy is nog te hartseer om baie te skryf, sy sal mar net altyd virtel wie almal gekys is en so aan.

Kyk, die ding het só begint: Die Puk vir C.H.O. 2 — (of hoe nou weer?) het Cassawalli glat nie genoeg waardeer nie. Dr. Finter prys hom eers en sê fihom lat sy grammatika net so goet is sos die Sjinese sinne, en toe moet hy mooi uitvinne lat die Sjinese gin grammatika het nie, net wortels en sulke goed. Fêdir sê hulle darem al paas hy nie hoef hy nie terug te kom nie, want daars niks meer wat hulle fir hom kan leer nie. Toe foel hy beter, tot tant ...... seg hy moet syn kremetartboom met syn blikkie en al uit sy kamer firwyder, en syn mak oolfantjie firniel die druiwepriëel as hy die pale uittrek fir ontspanning. Toe besluit Cassawilli om te virtrek fan hierdie onheilige plek, foor die uitslae ook nog uitkom.

Die plan was om he-eilant innie dooie see te huur en he-groentekêffie daar op te sit .Vir my vat hy saam, oorlat my bekwame lyding glo onontbeerlik innie tuintjie agter die kêffie sal wees; Sattelietie weer moes die biesnies binne behartig. Cassawalli het tenders gevra, en gewaarborgde „attractions' was he-daaglikse posdiens fannie eiland na die oewer toe, en ôk he-weeklikse trippie firrie Saterdagmôremark innie Suez-kanaal.

Die posdiens sou geskiede het per kênfroetbottel of fisblik, mar nalat hy fir twee weke geëksperimenteer het innie waterfoor, kom die eerste teleurstelling inhe afgryslike gedaante . . . . nie een fannie twee metodes was doeltreffint nie. Toe hy weer hoor, het die skepe hoeka al uiddie kinaal getrek, en dis klaar middie mark! Cassawalli sê dis oor sy buitemuurse bedrywighede, die politieke agter-die-tyd-geid. As finale nekslag laat weet die „flying carpet" toe lat die motte hom freeslik opgefreet het, en net Cassawalli kan gaan, sonner bigasie, as hy baiing firsigtag sal sit.

Toe hy my ok moet lastaan, het hy nie meer kans gesien firrie ekspedisie nie, en dit mar laat vaar. Hy was baiing firdrietag en het sommer he-stywe dop tematiesous moes drink om he-skadewee te kan gooi, dat die mense nie fihom moet weghol soos fir oorle' Peter Schlemil nie. Tydelik was die skadewee syn redding mar Cassawalli het net begint om he astetiese befrediging te kryg oorie prastage rooi skadewee wat hy gooi sos he-deurskynende albasterghoen, toe die S.A. Polisie lont ruik. Hulle dog toe hy's he-Russiese spijoen en neem hom in hegtenis . . of dis wat hulle sê, mar dis leuens, want ekkid met myn eige oë gesien lat hulle hom in Blêk Meraaïa neem. Nou keik, hy was wel geëer deur he-lyfwag van vier beknuppelde konstables, ter (self) beskerming, mar dié eer kannie die onreg wegfat nie, want hy het net van Rusland gehou oorlat die naam so ideaal klink.

Nouja, hulle pos hom toe inhe lang, wit kivert (saam methe klagskrif) I.D.V.S.M., wat natuurlik regstreeks op homself betrekking gehad het . . . Siberië toe. En was die Soujetregering bly om hom te firwelkom? Moenie praat nie! Ag noja, dit was ôk die laaste woort wat ek fan hom gehoor het. Nou lees ek mos lat die Soujet se Vodka so finnag firdwyn, mar kyk, mister Myburgh, basta insinuasies maak . . . ek wat Job Koekemoer is lat my nie firtel dat Cassawalli ooit sterk drank misbruik het behalwe fir gisontheits- oftewil ongesontheitsredes nie! (askies virrie nies, mister hoofredakteur, ek maak mar so as ek firdrietag raak, en dis so-he tragiese geskiedenis!)

Sien, die vrind was he-teleurgestelde sterfling. Hy en Satelietie was fan foorneemste om die eksamenuitslae mithe huildronk (dronkfirdriet?) te gaan fier innie kroeg, en daarna 'n kisert( treurig en op note) oppie hoek fannie Oukei bizaar, onner die straatlamp, uit te foer. Ag vrede, en daar's altwee deur- Hulle vier dit toe maar op vreetsame wyse (ja, ek het saam geëet), mar veral Sattelietie was onfirsoenbaar (nie lat sy ooit soenbaar was nie), want sy't gemeen sy't net die fieggir virhe Wagnersopraan.

N.S. As ek nuus hoor van Cassawalli sal ik weer skreif.

# Satelietie se Maanskynhoekie.

So 'n vakansie darem . . . hopeloos te lank vir non-„hitch-haaikers' — of wat praat ek alles? Soos dit met my geliefde kysewalli . . . ag, ek bedoel Cassawalli gegaan het; die afgelope drie maande het menige slagoffer geëis, en kwaadwillige verlating was aan die orde van die dag.

Maar die maan moe-nou-nie teleurgesteld voel as daar nog niks is om aan te kondig nie. Die onheilspellende stilte van die afgelope week was slegs die stilte voor die storm, wanneer die ouhere . . . askies, die Dore hierdie naweek losgelaat word, verwag ons spoedige verwikkelings. Sien, vanuit 'n betroubare bron is dié voorneme gelug: „En ons gâân kys hierdie jaar, meneer die Hoofredakteur!" Ons wag dus in spanning om te hoor wie die Gold-Rush gaan wen vanjaar.

Nou, in die verlede het hierdie agbare koerant van ons soms waardevolle ruimte verkwis, en wel op die volgende noodlottige manier: Daar is naamlik adviserende artikels gewy aan die sterking in hul kwaad, van Ouhere met goldrushwennende aspirasies in hul moordkuile. Daarom, in medewerking met 'n iedere en inkelte Pukskoonheid wat haar eerstejaar met goldrush en al oorleef het, het ons besluit dat dit uiters onwenslik sou wees om voort te gaan met hierdie twyfelagtige en ietwat-troebele praktyk.

In die eerste plek betaal dit nie om die paar deugsame wolwe — askies, honde wat nog slapend is, wakker te maak nie- Tweedens: sal ons dit toelaat dat die onskuldige, weerlose Dore se geestelike welskaapenheid deur intrigiese sameswerings lewenslank vermink word? Oor my dooie sakrok; HONDERDMAAL NEE, sê ek! Geeneen van die reptielgeraamtes in die dierkunde laboratorium se aanwesigheid is aan 'n gebroke hart te danke nie, hoogstens 'n gebroke agterpoot!

Die Dore, onthef van die vriendelike beskerming van skoendose en akkerdoppe, is nou 'n weerlose skyf vir die amoureuse aanslae van 'n spul merino wol(f) maranse met seer twyfelagtige reputasies. (Ja toemaar, my Cassawalli het my vertel hoedat die Ouhere aan die end van verlede jaar almal hulle kyse uitgemaak het om vir die Dore te wag!) Nou, soos alle goeie dinge (veral vir vanjaar se Dore), sal ook 1958 ten einde kom. Dus:

„My Lady, be wary of cupid
Take heed to the lines of this
verse:

To let a fool kiss you, is stupid;
To let a kiss fool you is worse!"

---

N.S. Ons verneem dat Hennie van der Merwe en Yvonne Boshoff die Goldrush gewen het . . . veels geluk!

---

## HIEROOR EN DAAROOR

Daar word verhaal van 'n Hongaarse ambassadeur wat sy geloofsbriewe aan die president van 'n Suid-Amerikaanse staat oorhandig het.

„Watter land verteenwoordig u?" het die president gevra.

„Die Koninkryk Hongarye."

„O, u het dus 'n koning?"

„Nee, ons word deur Admiraal Horthy geregeer."

„'n Admiraal- U het dus 'n vloot?"

„Nee, ons het nie 'n vloot nie."

„Ek sien. En is u land neutraal?"

„Nee, u Eksellensie. Ons het oorlog met Rusland."

„Ek sien. Waarom, as ek mag vra?"

„Omdat ons Transilvanië wil hê, U Eksellensie."

„O. En Rusland het Transilvanië?"

„Nee. Roemenië het Transilvanië."

„U het dus ook oorlog met Roemenië?"

„Nee, U Eksellensie, Roemenië is ons bondgenoot-"

Die president het sy telefoon opgeneem. „Kry vir my die sielsieke hospitaal," het hy in die spreekbuis gesê.

* * *

Gedurende die negentiende eeu het elke Duitse prins beskik oor die dienste van 'n **Prügelknaben.** Dit was 'n seun wat saam met die prins opgevoed is en wat lyfstraf toegedien is wanneer die prins oor die tou getrap het. (Enigsins eufiMIStiese siening van 'n koninklike sitvlak . . . . )

* * *

Metode is die moeder van die geheue. — Fuller-

* * *

Takt is die vermoë om jou mond te snoer voordat iemand anders dit vir jou doen.

— JAN RAP.

---

←
Nouja mnr. Myburgh Satelietie skrou ek moet kom help middie skottelgoet. Ek wou mar net virtel het wat van Cassawalli gewort het.

Die Uwe,

Job Koekemoer (snr.)




# Die Kuns en Ons.

**D**IE VOLK sou sy begeerte net as pyn voel, as iemand anders dit nie vir hom omskep tot krag nie". (Van Wyk Louw).

Die gewone mens, wat geen besondere aanleg het vir kunsskepping nie, wonder dikwels wat die besondere waarde van die kuns vir hom is.

Die waarde van skoonheid in die daaglikse lewe ken ons. Dit stimuleer en veraangenaam ons lewe. Wat ons as werklike kuns beskou, vervul egter 'n ander rol. Dit is nie daar om die lewe te versier nie. Dit bestaan selfs nie uit 'n drang om die lewe te dien nie, maar dit is 'n uitvloeisel van die lewe self. **Kuns is die vorm waarin die mens se besinning oor die lewe uitgedruk word.** „In die hoogste oomblikke van die lewe", sê Van Wyk Louw, „is die spanning van die gedagtes en van die hartstog so sterk, dat dit nooit in die stemminkies van die alledaagse kan ingaan nie". Hierdie spanning van verhoogde lewensintensiteit vind sy uiting in die kuns.

Ons beleef almal skoonheidstemminge, maar dit bereik nie by almal van ons so 'n intensiteit dat dit vir ons 'n dwingendheid word om dit te uit in kunsvorm nie. Of selfs al bereik dit by ons so 'n intensiteit, het ons nie almal die aanleg om dit in kuns te omskep nie. Dit is aan slegs enkele mense beskore om werklike kuns te skep. Hulle gee in hulle werke egter nie gestalte aan 'n skoonheidsdrang wat slegs hul individuele besit is nie, maar aan 'n drang wat by elke persoon in mindere of meerdere mate aanwesig is. Daarom word hierdie enkele persone die kanaal waardeur die skoonheidsbelewing van ons almal gepers word. Die skoonheidsbelewing van 'n hele volk word as't ware in sy kunstenaars uitgekristaliseer.

## DR. P. C. W. DEPPE

### Ere-Professor in Psigopatologie

Prof. P. C. W. Deppe is die seun van 'n Lutherse Sendeling van Natal. Aan die Universiteit van Witwatersrand het hy sy opleiding as medikus gekry. Nadat hy slegs vir enkele jare gepraktiseer het, het hy tot die Geestesgesondheidsdienste toegetree. Aan 7 verskillende inrigtings in die land het hy in die hoedanigheid as psigiater gestaan. Sedert 1954 is hy die geneesheer-bestuurder van die Witrandse Inrigting vir Swaksinniges.

Vanaf die begin van 1957 is dr. Deppe deur die Raad benoem as Ere-professor in Psigopatologie in die Departement van Sielkunde.

Deur hierdie benoeming word die Sielkundestudente nou in die geleentheid gestel om 'n praktiese kursus in Psigopatologie aan Witrand te ontvang. Ook word die opleiding in Kliniese Sielkunde nou met psigiatriese opleiding aangevul.

Behalwe die akademiese pligte interesseer prof. Deppe hom ook vir Geestesgesondheidsdienste vir die breëre publiek, deur die totstandbringing van 'n Kliniek vir Geestesgesondheid.

JOHAN KRUGER




## IS DIT NORMAAL SE HOUDING

Postmahuis,
P.U. vir C.H.O.
1 Maart 1958.

Meneer,

Verlede Donderdagaand het iets gebeur wat die Puk-studente se tonge losgemaak het. Op die betrokke aand, 26 Februarie, het die plaaslike Normaalkollege sy jaarlikse eerstejaarskonsert aangebied. Omdat daardie aand geen ontgroeningsverrigtinge op die Universiteit aan die gang was nie, vanweë die feit dat „Tarentaal" in volle swang was, het 'n paar van die P.U.-studente by die Normaal se hoofgebousaal gaan inloer.

Net nadat die eerstejaars se verveligheidskonsert afgehandel is en verdere ontgroeningsaksies sou volg, is die klompie Pukke gevra om die saal te verlaat. Dit het heeltemal onverklaarbaar en onverwags gekom. Een van die Normaliete, wat leiding moes neem, het op die verhoog geklim en die Pukke en buitestaanders versoek om pad te gee. Dit op sigself is vanselfsprekend niks teen in te bring nie, alhoewel dit die ses Pukke wat Normaal-dames gesleep het in 'n moeilike posisie geplaas het. Maar dit is teen die gees waarin dit alles plaasgevind het, wat hier geskryf word. Toe die paar Pukke opstaan om te loop, pas na die aankondiging, is hulle luid, onvanpas toegejuig en het met glimlagte van die Normaalstudente die saal verlaat.

Dit alles het 'n slegte smaak nagelaat en by ondervraging het dit geblyk dat al die Pukke wat daar was baie ongelukkig oor die saak voel. Niemand het verwag dat hy daar, veral wanneer hy sleep, onwelkom sou wees nie.

Dit is ondenkbaar dat, tydens die dirigentstelery van verlede jaar tussen P.U. en U.O.V.S. toe 'n hele paar Normaalstudente saans hier in die studentesaal aanwesig was, hulle beveel sou word om die verrigtinge te verlaat; nog minder sou dit gebeur het by ons ontgroeningseremonies in die saal, nog minder as van hulle van ons ou dames sou sleep. Inteendeel mens sou verwag dat by sulke geleenthede die verskillende inrigtinge die studente van die ander kant baie graag by hulle sou wou laat welkom voel.

By herhaling moet gesê word dat dit nie die bevel opsigself is waaroor gegrief gevoel word nie, maar die duidelike blyke wat die Normaalstudente gegee het, deur hulle onvanpaste toejuiging, dat Puk daar onwelkom is. Waarom die swak gees? Dit is begryplik dat daar 'n dergelike gees heers tydens voetbalbotsings tussen ons en Normaal, of tydens dergelike kragmetings. Maar om watter rede moes medestudente wat hier saam verkeer en selfs saam klasloop so behandel word? Is dit Normaal se houding?

ONS VRA MAAR NET!
PUKKE.

(Normaal word vriendelik uitgenooi om in die volgende uitgawe te antwoord.—Red).

## S.O.S.: LANDSDIENSSKIP OP DIE ROTSE

Ten spyte van die heldhaftige pogings van die Kaptein van die Landsdiensskip, Johan Strauss, het dit uiteindelik tog op die rotse beland. Hoewel aanvanklik beoog is dat 300 passasiers van die aangename vaargeleentheid gebruik sou maak, het slegs 167 persone kaartjies gekoop. Dus is 'n kleiner bootjie vir Januarie vanjaar beskikbaar gestel, maar hy kon net nie die golwe in sy weg oormeester nie en die tragiese gevolge het nie uitgebly nie. Die kaartjies bly egter geldig en vir vanjaar beplan Kaptein Strauss alweer 'n vaart. Indien u die sakgeld egter broodnodig het, kan u vir die terugbetaling daarvan aansoek doen by die Organiserende Sekretaris van die A.S.B., Posbus 1339, Bloemfontein. As u nie gou daarom aansoek doen nie, sal die A.S.B. dit met groot dank as 'n donasietjie aanvaar.

N.S.: Ons hoor Johan het nou 'n pos by S.A.B.R.A. aanvaar. Ons wil hom minder rotse op die weg toewens.

# Deur my teleskoop

**Moleste met UGEMA.**

Mohammed Khemisti, Sekretaris-generaal van die Algerynse Studente-unie (UGEMA), is op 12 November 1957 deur die militêre owerheid in Frankryk gearresteer op grond van „anti-nasionale aktiwiteite". Geen taal of tyding is daarna van hom ontvang en geen regsadvies tot sy beskikking gestel nie. Pogings deur die I.S.K. en sy lede om met hom in aanraking te kom, het uitgeloop op die uitgooi van hul verteenwoordiger, Juan Carlos, (Chili) uit die kantore van die Ministerie van Binnelandse Sake.

Op 'n konferensie gehou op 26 Desember, het UGEMA Khemisti se onmiddellike vrylating geëis en dit het nie eers 'n glimlag van die owerheid ontlok nie. Op 28 Januarie is al die leiers van UGEMA gevang, beslag gelê op dokumente en die organisasie ontbind. Daarna is deur die regering aangekondig dat Khemisti en sewe ander UGEMA-leiers in die tronk is. 'n Lid van die Studente-unie van die V.S.A. wat met UGEMA gesimpatiseer het, is uit Frankryk verban.

(Dit lyk dus asof party mense wat so te kere gaan oor die onderdrukking van vrye denke en spraak in ons ou landjie niks het om oor te kla nie, of hoe?).

**Beurs vir „African":**

„An appeal is being launched . . . for contributions to an I.S.C. scholarship for an African student from South Africa . . . . after a study of the plight of African students in the Union of South Africa, and the extreme limitation of opportunity for higher education for them." (Volgens 'n mededeling van COSEC).

Mnr. Neville Rubin, Onder-President van NUSAS, het 'n rondreis deur die V.S.A. onderneem en aan die Universiteite fondse vir die beurs ingesamel. NUSAS het daarna die beurs toegeken aan Adam Small, tans student aan die London School of Economics.

**SLUITING VAN DIE UNIVERSITEIT VAN IBADAN:**

Die universiteitskollege van Ibadan, Nigerië, waar die Sewende I.S.K. verlede jaar gehou is, het 'n onverwagte vakansie van twee maande opgedoen. Die oorsaak van die blaaskansie was dat 'n aantal studente 'n heining wat rondom sekere koshuise opgerig is om die inwoners van diefstal te vrywaar, in die stille ure van 'n tropiese nag afgebreek het aangesien dit hulle „caged like monkeys" laat voel het. Die ontstoke owerhede het verder dadelik beslag gelê op die S.R. se geld, vergaderings verbied en besluit dat studente eers na die „vakansie" toegelaat sal word na 'n deeglike ondersoek van elkeen se rekord.

(Dit lyk my mos die end van verlede jaar het nogal 'n rebelse uitwerking op studente gehad).

## AG SO . . . ?

„DIE SUIDWESTER" verklaar in sy uitgawe van 18 Januarie 1958: „ . . . . die Afrikaanse Studentebond is die bakermat van suiwer **Suid-Afrikaanse** Nasionalisme, breed in sy lewensbeskouing, maar onwankelbaar in die rigting waarin hy koers hou; NUSAS, daarenteen is die broeines van die liberalisme van sy matigste tot sy ergste vorm . . . . " (beklemtoning van ons). Ook „Die Burger" het NUSAS onlangs daarvan beskuldig dat hy liberaal is en algehele integrasie 'n volbloedbeleid sal word indien sy leiers aan die bewind sou kom. Hierdie gevolgtrekkings het waarskynlik hul finale beslag gekry toe mnr. Trevor Coombe, President van NUSAS, verklaar het dat sy organisasie algehele akademiese integrasie voorstaan aan opvoedkundige inrigtings.

In 'n hoofartikel in „Witwatersrand Student" word verklaar dat die Suid-Afrikaanse student hom nie langer buite die politiek kan hou nie: so 'n houding is „no longer realistic or possible". Verder is in die „South African Student", offsiële orgaan van NUSAS verklaar dat om gegronde redes die verbod van die Minister van Naturellesake op gemengde vergaderings, verontagsaam moet word.

Voorts is deur onbevooroordeelde buitelandse waarnemers verklaar dat NUSAS geen of baie min lojaliteit teenoor hul land openbaar en die regering te alle tye in die wiele probeer ry. Ook in die studenteblaaie van NUSAS-vestings word soveel artikels van party-politieke aard gepubliseer, dat dit moeilik is om NUSAS van 'n bepaalde politieke beweging los te maak. En hierdie rigting is nie eie aan die Afrikaner nie.

Daarteenoor het die A.S.B. nog nooit enige politieke party of aktiewe politikus aangeval nie, maar het sy opvattings omtrent vraagstukke van allerlei aard verkry uit onbevooroordeelde studie. Daarom bied die A.S.B. 'n geestelike tuiste aan elke **student** van watter politieke oortuiging hy ookal is.

# Astronome Bepeins . . .

IN HIERDIE TYD van kunsmane en beplande ruimtevlugte sou dit miskien nie onvanpas wees dat die individu homself rekenskap gee aangaande die ruimte waarin hy hom bevind nie. Kom ons begin by ons eie solar-sisteem: dit wil nou sê die son as middelpunt en daarvandaan Merkurius, Venus, Aarde, Mars, Jupiter, Saturnus, Uranus, Neptunus en, heel aan die buitekant, Pluto.

En kom ons vergeet nou eers van die miljoene en miljoene myle waarvan ons tog geen heldere begrip kan vorm nie, en ons bepaal ons by verhoudinge wat ons kan begryp.

Ons stel die son voor as 'n sfeer van ongeveer vyftig voet in deursnee. Merkurius sal dan 'n bal wees van twee-en-'n-half duim in deursnee in sy „kringloop" ongeveer 2,000 jaarts daarvandaan. Venus, ongeveer 'n driekwart myl vanaf die model-son, sal 'n deursnee van vyf en 'n half duim hê, terwyl die Aarde slegs 'n klein bietjie groter as Venus, 'n myl van die sentrum af sal sirkel — vergesel van 'n bal van een en 'n halwe duim in deursnee wat hom op 'n afstand van dertien voet omsirkel, die maan.

Een en 'n half myl vanaf die son sou Mars sirkel, drie duim in deursnee; vyf en 'n kwart myl verder sou ons Jupiter aantref, vyf voet in deursnee, met sy mane 20 voet ver verwyder. Op 'n afstand van nege en 'n half myl sou ons die twee voet twee duim Saturnus aantref met sy mane op 'n afstand van dertig voet. Negentien myl vanaf die middelpunt tref ons die twee en twintig duim Uranus aan en Neptunus, byna 'n duim kleiner as Uranus, op 'n afstand van dertig myl; Pluto, drie duim in deursnee, sal ons op 'n afstand van 41 myl aantref.

Die newelvlek in die heelal waarin ons ons bevind bevat naastenby 30,000 miljoen sterre, en mens kan nie help om effens verdwaasd te staan as bereken word dat volgens bg. skaal die naaste son sowat 270,000 myl ver sal wees nie — **verder as wat ons maan werklik is!**

Sal ons probeer om die grootte van die mens te bereken . . . . ?


**UNIE BAKKERYE**
**Posbus 244 - Foon 167 & 1086**

BROOD, KOEK en PASTEITJIES

Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.

TROU-, VERJAARDAG en DOOPKOEKE.

**Kerkstraat 60 - Potchefstroom**
**Spoorwegstraat - - Klerksdorp**

**CORNER FRUIT STORE**

★

„U KEN ONS!"

**Studente . . . . !**

vir al u
- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

Besoek ons en wees verseker van Goeie Diens!

**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**

**Kerkstraat 162 — Telefoon 497**

„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . ."

('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger) BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n FIETS aan te skaf.

**C. van der MERWE**

**FIETSHANDELAAR**

# Metamorfose van die wurm.

## STUDENTE GESELLIG SAAM

NA die jolifikasies van die voorafgaande week is die drake en dore verlede Saterdagaand op meer ordelike en vriendelike wyse hier ontvang. 'n Uiters afgesloofde klomp drake en 'n minder moeë klomp dore (waarskynlik omdat hulle in sulke vername en veral bekwame geselskap verkeer het — die plesier was duidelik op hulle gesigte te lees) is tydens die jaarlikse ontheffingsdinee in die studentesaal onthaal.

Vanaf die verhoog het die seremoniemeester die gaste probeer vermaak deur hulle hartlik welkom te heet en hulle sulke onwaarhede te vertel as dat hy die geheim van die lewe agtergekom het. Terwyl die gaste gesellig voortgesmul het en die dames se monde altyd in beweging was om een van die twee daarvoor bedoelde funksies te verrig, het ons geagte rektor die eerstejaars op luimige wyse meegedeel waarvandaan hulle kom en waarheen hulle gaan. Prof. Coetzee was inderdaad in skitterende luim en gou het die eerstejaars gevoel hoe hulle in die studentelewe as volwaardige eerstejaars, ingeskakel word. Op hierdie heildronk het 'n eerstejaar op gepaste wyse geantwoord.

Op ernstiger wyse het prof. H. G. Schulze die heildronk op die ou-here en ou-dames ingestel, omdat, soos hy dit uitgedruk het, hy met 'n ernstiger aangeleentheid as prof. Coetzee besig was. Hy het die veelvuldige werksaamhede van die senior-student geskets en was daarmee die eerste professor in die geskiedenis van die P.U. wat die baanbrekers- en vormingswerk van 'n student na waarde geskat het! Dirk Postma se analise van die begrippe „ouheer" en „oudame" was kostelik. Terloops, hy het in alles met prof. Schulze saamgestem.

Die uiters vernuftige, intelligente en ietwat raaiselagtige, diep en wel deurdagte toespraak van mnr. Hennie van der Walt se neef Idyll, wat op nog intelligenter, byna sjarmante wyse deur genoemde Hennie lo Walta en maarskalk Buisje getolk is, het selfs die aanwesige Volksraadslid en Teologiese professor laat skaterlag.

Dit alles was egter natuurlik net bysaak — al wat aandag getrek en verdien het, was die keurig uitgedoste dore en die „geurig" bedienende drake. Dit was mos hulle dinee. Ná die dinee het die eintlike „party" eers begin — in die geval van die dore meer amoreus van strekking en by die drake meer op die arbeid-adel-aspek toegespits.

Toe die stilte eindelik toesak — dit was eers baie laat die nag — kon elke gas op sy bors (of liewers op sy of haar maag) slaan van genoeglikheid. Al die eer aan mnr. Dries Yssel en sy komitee vir 'n warm, genoeglike aand!

## UITBREIDINGS WERK

Mnr. D. J. Eloff, Uitbreidingsamptenaar aan die P.U. vir C.H.O. het verlede week vertrek op 'n toer na Noord-Kaapland. Sy besoek daar sal 'n maand duur en die oogmerk is om uitbreidingswerk vir die Universiteit te doen.

Die film wat verlede jaar hier plaaslik gemaak is oor die Universiteitsbedrywighede sal by verskillende geleenthede vertoon word. Hierbenewens sal mnr. Eloff ook die G.S.O.-kongres van Kaapland oor die Universiteit toespreek.

JOHAN KRUGER.

## LAATBERIG

**Na verneem word het Prof. J. Chris Coetsee 'n pragtige wisselbeker vir die Inter-kompleks atletiekbyeenkoms geskenk. Ons hartlike dank aan die Rektor.**

**Watter kompleks gaan die eerste wees om die beker te ontvang?**

**Kom kyk Saterdag!**


**Goeie Nuus!**
AAN ALLE SPORTKLUBS!
Ons bied nou aan:
● SPORTBEKERS
direk van die fabriek
Spesiale AFSLAG vir klubs.
Raadpleeg ons eerste!
**I. GLAZER**
**(Juwelier)**
**Kerkstraat 187,**
**Potchefstroom.**

**W. J. SPAVINS**
**en Seun**
vir alle
ELEKTRIESE
BENODIGDHEDE
Koelkaste Radio's
**Kerkstraat 101, Potchefstroom**
**Telefoon 185.**

**PRO REGE-PERS**
**Boekhandel**
**en**
**Antikwariaat**
vir al u
WETENSKAPLIKE BOEKE
EN SKRYFBEHOEFTES.
●
**Kerkstr. 95 - - - Telefoon 1164**

**NOORDBRUG**
**KONTANTWINKEL**
(Eienaar: A. G. Botha)
Langs Noordbrug-Poskantoor.
●
Vir
KRUIDENIERSWARE,
SKRYFBEHOEFTES,
LEKKERS, SIGARETTE
en TOILETWARE

**TURKSTRA**
**BAKKERY**
**(Edms.) Bpk.**
**KERKSTRAAT 61**
Raadpleeg ons vir . . .
● BROOD
en alle
● KOEKSOORTE
ELKE DAG VARS!

KOM SIEN ONS
vir al u . . . . .
* Fotografiese
en
* Aptekersbenodigdhede.
**GEEN & VELLEMAN**
**Kerkstraat,**
**Potchefstroom**

**WES-TRANSVAAL**
**SPORTWINKEL**
vir alle
* Sportuitrusting
en
* Sportbenodigdhede
* Hardeware.

**PRESIDENT CAFE**
and
**GRAND CAFE**
for:
● SWEETS,
● GRILLS
and
● COOLDRINKS.

**J. TOD SUTTIE**
KOMPLETE
MANSUITRUSTERS
Vir al u KLERASIE en ander
benodigdhede.
**Kerkstr. 177 - - - Telefoon 1**
**POTCHEFSTROOM**

**MOOIRIVIER-**
**APTEEK**
Kerkstraat 205,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380.
**Die Apteek vir Diens!**

# 'n Vinnige Atletiekseisoen

**AAN DIE ATLETIEKFRONT moet daar nou sommer baie haastig en vinnig geoefen word. Waarvandaan die haas? Reeds op 22 Maart is die W.-Tvl.-kampioenskappe en 19 April is Dalrymple te Stellenbosch.**

**Daar is sommer lewe vanjaar in ons geledere en ons hoop die reeds 35 ingeskrewe lede sal enduit volhou. Jammer daar is net 8 seniors in die klub.**

**● INTERKOSHUIS — 'N P.U.-DAG.**

Hierdie seisoen staan egter in die teken van groot proefnemings. Die ou bekende Interfakulteit word vanjaar omskep in 'n Interkoshuis. Daar word getrag om die Eerstejaarsbyeenkoms daarby in te lyf as 'n onder-negentien-groep. Pogings word aangewend om ook diplomas aan minstens die eerste en tweede plekke in elke item uit te reik. Alle pogings word in die werk gestel om hierdie dag as 'n dag van die hele P.U. te maak, en nie 'n dag van die Atletiekklub alleen nie. Die datum is 8 Maart.

**● VYFHOEKIGE BYEENKOMS.**

'n Verdere proefneming is 'n vyfhoekige-byeenkoms tussen P.O.K., Proefplaas, Kamp, Klerksdorp en P.U. Normaal reël hierdie byeenkoms en volgende jaar is dit ons beurt. Dit behoort 'n verrassende proefneming te wees. Normaal is glo vas van plan om hierdie byeenkoms te wen. Gaan ons dit toelaat Pukke? Nooit!

Interessant by hierdie byeenkoms is 'n toutrek-kompetisie — vir al die groot manne met murg in die arms. Ons sal seker ons 8 manne daarvoor vind. Hoe lyk dit met die 244 ponders van Theo's?

'n Mans- en 'n damestrofee is by die byeenkoms op die spel. Die sukses van hierdie seniorbyeenkoms hang af van ons Pukke se ondersteuning. Onthou dus Woensdag, 12 Maart. Laat ons in ons honderdtalle daarheen opruk.

**● 'N AANWINS.**

Die klub het vanjaar 'n groot aanwins gekry in die persoon van mnr. J. S. K. Bosman van die Liggaamsopvoedingdepartement as afrigter. Verblydend is ook die groot aantal persone wat met oefeninge op die baan verskyn. Ongelukkig is daar net ongeveer vyf dames. Ons hoop egter op meer dames.

Pukke, hou ons manne maar dop: hulle gaan presteer. Ons kan iets te wagte wees! Ons manne raak nou eers fiks.

D. TALJAARDT.

# Rugby begin.

DIT lyk of daar vanjaar met groter vuur en genot rugby gespeel gaan word, te oordeel na die belangstelling wat reeds gemerk word by nie alleen die ou spelers nie, maar ook die nuwes.

**PROEFNEMINGS.**

Vir die eerste keer word vanjaar 'n lidmaatskapkaartstelsel op proef gestel. Met hierdie stelsel waar elke speler reglementêr met sy handtekening hom onderwerp aan die Grondwet en Huishoudelike Reglement van die voetbalklub en ook nog verdere inligting aangaande homself verskaf, word beoog om 'n baie beter kontrole oor die spelers uit te oefen.

Verder sal elke speler 'n oefeningbywoningsregister voor elke oefening teken en daarmee word beoog om te verhoed dat spelers sommer met enige flou verskoning van die oefening af kan wegbly.

**SES SPANNE.**

Met die aanwins van ou Theos manne (en ook gewig) behoort ons klub vanjaar tot groot prestasies in staat te wees. Daar is weer 6 spanne in die onderskeie liga's ingeskryf en daar word verwag dat die slapheid by die Fires en Tekkies wat teen die einde van die seisoen gewoonlik kop uitsteek, nie vanjaar merkbaar sal wees nie. Met 'n goeie breier vir hierdie twee „lekker" spanne van ons klub behoort dit ook nie te gebeur nie.

Ons staatmakers, Navy, sal seker vanjaar weer vir verrassings verantwoordelik wees. Van Theos kan ons ook groot dinge verwag aangesien hul met 'n bietjie ligter ligaprogram tot meer in staat sal wees. Daar gaan vanjaar geen wedstryd op 'n Woensdag gespeel word nie. Die matheid wat ons rugby die derde kwartaal kenmerk, sal hopelik verwyder word deurdat Theos vanjaar nie vir die Blainbeker nie, maar slegs vir die Neser gaan speel.

Theos sal vanjaar ook geen verskoning hê as hulle die derde kwartaal weer sal uitsak in die ligapunteleer, want dit is al 'n voldwonge feit dat 20 spelers gedurende die laaste twee weke van Julie deur Noord-Transvaal gaan toer en hierdie toer behoort die manne dan ook deur die vakansie fiks te hou.

Met twee inter-universitêre wedstryde in die tweede kwartaal, 25 Mei teen U.O.V.S. op Bloemfontein en 21 Junie teen Wits op Potch. behoort ons klub ook die hoë gehalte van studenterugby te handhaaf.

Die tradisionele wedstryd tussen die ouhere en die eerstejaars verval vanjaar en in die plek daarvan word 'n wedstryd tussen die eerstejaars en verlede jaar se onder negentiens beoog. Eersgenoemde wedstryd verval aangesien goeie spelers in die verlede met daardie wedstryd so seer gekry het dat hul vir die res van die seisoen ook buite aksie was.

Die eerste amptelike oefening begin Woensdag, 5 Maart. Die seisoen gaan begin met 'n wedstryd teen Sasolburg op Sasolburg op 22 Maart. Die eerste ligawedstryd vind reeds 29e Maart op Stilfontein teen Strathvaal plaas.

Ons hoop dat ons spanne vanjaar sommer „rugby uit die boek" gaan speel en dat verlede jaar se neerlaag teen U.O.V.S. vanjaar g e w r e e k gaan word. Ons hoop die rugby-manne alle fiksheid, spoed en krag toe.




**„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"**

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt

KURK, ONGEKURK OF FILTER
STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg RA 136